higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N910**(A)**(J18)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N5

(Eerste Vraestel)

(5140275)

18 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke en TWEE addisionele verwysingsbronne mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N5
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND

Eva Rampa is die hoofbibliotekaris by Stikfontein Biblioteek. Die biblioteek word deur die provinsiale regering befonds en kan slegs een keer per jaar boeke bestel. Die biblioteekpersoneel werk hard om fondse in te samel om maandeliks die nuutste topverkopers in Afrikaans en Engels aan te skaf en skryfbehoeftes aan te vul. Die biblioteek streef daarna om in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien. Elke kwartaal word 'n besprekingsaand oor 'n aktuele onderwerp gehou en 'n kenner word genooi om lede toe te spreek. 'n Aktiewe vereniging, *Vriende van die Biblioteek*, onder voorsitterskap van Mohammed Khan, werk nou saam met die biblioteekpersoneel. Die biblioteekpersoneel hou maandeliks 'n vergadering. Eva word deur 'n administratiewe klerk bygestaan maar teken alle korrespondensie en dokumente self af.

STIKFONTEIN BIBLIOTEEK: Posbus 134, STIKFONTEIN, 7620
Telefoon: (056) 871 1111 // Faks: (056) 871 1112

VRAAG 1: PRÉCIS

Die artikel in die BYLAE (aangeheg) laat Eva besluit dat die biblioteek meer moet doen om kinders aan die lees te kry. Sy wil die artikel gebruik om die biblioteekpersoneel en *Vriende van die Biblioteek* te motiveer om meer aktiwiteite vir kinders aan te bied.

Maak 'n précis van die artikel in die BYLAE. Gee die stuk 'n gepaste titel. Dui die aantal woorde – nie meer as 80 nie – tussen hakies aan.

UITLEG	INHOUD	TAAL/SPELLING
3	8	4

[15]

VRAAG 2: KENNISGEWING EN AGENDA

Die kennisgewing vir die volgende maandelikse vergadering moet uitgestuur word. Tydens die vorige vergadering is 'n fondsinsamelingsprojek bespreek waaroor terugvoer gegee moet word. Daar moet op 'n gasspreker vir die kwartaal besluit word en Eva wil die aankoop van nuwe boeke en nuwe kinderaktiwiteite bespreek.

Stel die kennisgewing en agenda vir die vergadering op.

UITLEG	INHOUD	TAAL
2	11	2

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: FAKSBOODSKAP

Die biblioteek het die nuutste katalogus van M & M Uitgewers se verkoopsverteenwoordiger, Gert Plaatjies, ontvang. Op die vergadering is besluit om die eksemplare te bestel.

TITEL	OUTEUR	ISBN	PRYS Posgeld ingesluit
Goeie dood wat saggies byt	Ilse van Staden	1-86890-157-1	R220,00
Illuminations	Andrew O'Hagan	1-86813-087-8	R360,00
Die hondjie met drie bene	W.O. Smith	1-62404-530-4	R180,00

Die biblioteek plaas gereeld bestellings by die uitgewer per faks. Die volle bedrag vir die bestelling word vooraf in die uitgewer se bankrekening inbetaal en dan word die bewys van betaling aan die bestelling geheg.

Bestel die boeke per faks.

UITLEG	INHOUD	TAAL
2	6	2

[10]

VRAAG 4: UITNODIGINGSBRIEF AAN GASSPREKER

Op die vergadering word besluit om professor Johann Meyer as gasspreker na die kwartaallikse bespreking oor 'n aktuele onderwerp te nooi. Eva versoek die klerk om die uitnodigingsbrief te tik. Gedurende die gesprek maak die klerk die volgende aantekeninge:

Besprekingsaand – Vrydag 1 Sept. – 20:00 – in biblioteekportaal – onderwerp – 'Kinders wat lees het 'n ryk en vol lewe' – verwag ongeveer 50 gaste (skoliere en ouers) – lewer toespraak oor onderwerp – 20 minute – dataprojektor, mikrofoon beskikbaar – bib betaal gastehuis en reiskoste teen AA-tariewe p/km – honorarium R1 500,00 – CV en foto

Skryf die uitnodigingsbrief aan die gasspreker.

Uitleg	Inhoud	Taal
5	12	8

[25]

VRAAG 5: ONDERSOEKVERSLAG

Die biblioteek streef daarna om voortdurend sy diens aan die gemeenskap te verbeter. Ná die vergadering versoek die hoofbibliotekaris die voorsitter van *Vriende van die Biblioteek* om ondersoek in te stel na maniere waarop die biblioteek kinderlede kan motiveer om die biblioteek meer gereeld te besoek. Die verslag moet gereed wees vir die volgende maandelikse vergadering van die biblioteekpersoneel.

Die bestuur van *Vriende van die Biblioteek* stel 'n aksieplan op vir die ondersoek. Die sekretaris tabuleer al die inligting wat ingesamel word asook die kommentaar wat tydens 'n bespreking daarop gelewer is sodat die voorsitter dit vir die verslag kan gebruik.

AKSIEPLAN	BEVINDINGE	KOMMENTAAR
1. Vraelyste aan ouers en kinders om behoeftes te bepaal	Kinders wil werke van nuwe skrywers soos Jaco Jacobs lees Ouers verlang hulp met inligting vir skooltake	Koop maandeliks nuutste blitsverkopers aan Kontak skole vir onderwerpe van skooltake Hou boekuitstallings
2. Kontak bekende biblioteke – stel vas hoe hulle in bogenoemde geïdentifiseerde behoeftes voorsien Hanover-Biblioteek Hermanus-Biblioteek	Hanover hou weekliks boekuitstalling wat kurrikulumgegrond is Hermanus: *Vriende van die Biblioteek* vra skenkings (ou boeke) van publiek en verkoop dit om fondse vir aankoop van nuwe boeke te genereer	Volg voorbeeld van Hanover en Hermanus

Gebruik die inligting in die tabel en skryf die verslag onder die gegewe opskrifte:

ONDERSOEKVERSLAG OOR

1. Opdrag en doel
2. Ondersoekmetodes
3. Bevindinge
4. Gevolgtrekking
5. Aanbevelings

OPGESTEL DEUR

UITLEG	INHOUD	TAAL
6	15	9

[30]

VRAAG 6: SELFOONBOODSKAP

Professor Meyer tref reëlings om 'n kongres oorsee by te woon. Hy stel Eva onmiddellik per selfoonboodskap in kennis dat hy nie beskikbaar is om as gasspreker op te tree nie. Hy stel voor dat Eva professor Ben Boekenhout nader. Hy verskaf ook die e-posadres Bboekenhout@gmail.com.

Skryf die selfoonboodskap wat Eva van professor Meyer ontvang.

UITLEG	INHOUD	TAAL
1	3	1

[5]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE

'N ANDERSTER ARMOEDE

Dit wil voorkom asof hier 'n geslag op pad is wat op geletterde armoede en 'n gevolglike ramp vir Suid-Afrika afstuur.

Dit is oor 'n wye front al duideliker en ontstellender dat die meeste skoolgaande kinders baie min lees of glad nie. Dit wil voorkom asof hier 'n geslag op pad is wat op geletterde armoede en 'n gevolglike ramp vir Suid-Afrika afstuur. Hoe so? Dit staan soos 'n paal bo water dat iemand wat goed en baie lees, nie alleen skolasties en akademies beter daaraan toe is nie, maar ook 'n ryker en voller lewe het.

Dit blyk uit navorsing dat skoliere, studente en volwassenes wat moeilik vorder, dikwels swak en trae lesers is. Hulle sukkel met verbale redenering, asook met die inhoud en die volume van die leermateriaal waarmee hulle moet werk.

Die nieleser steek byna altyd af teen die leser, want sy taal is arm en sy kennis en saampraat-vermoë beperk.

Vir die meeste lesers is die grootste wins van lees die louter vreugde wat dit bied. Wat kan lekkerder wees as om met 'n fassinerende boek op die rusbank op te krul? Dit is suiwer genot om 'n tergende, slim speurverhaal te probeer ontrafel, om meegesleur te word tot by die ontknopingspunt van 'n aangrypende dramatiese verhaal en om te ontvlug in die leefwêreld van 'n interessante karakter.

Wanneer dit by studie kom, is lees 'n kritieke faktor. Eenvoudig gestel: Jy leer deur te lees. Hoe meer en hoe beter jy lees, hoe meer en beter sal jy leer.

Die rol wat lees in 'n persoon se verstandelike ontwikkeling speel, moenie onderskat word nie. Die brein kan met 'n masjien vergelyk word. Hoe meer 'n mens lees, hoe meer 'olie' jy die 'ratte' van jou brein sodat dit glad en maklik kan 'loop'.

Die vermoë om verbaal te redeneer, is 'n kerneienskap van die meeste intellektuele take, wiskunde ingesluit. Lees is vir die brein wat oefening vir die liggaam is!

Indien ons net leestrae kinders aan die lees kan kry, is toeganklike en bekostigbare internet, behalwe boeke, 'n ongelooflike geleentheid om die hele Suid-Afrika op te hef. Ons kan 'n land word waar opgevoede belese, kundige en produktiewe mense goeie lewensgehalte vir almal kan bring.

Vir eers ten minste, op korttermyn, lyk dinge egter nie goed nie. Teen die huidige trant is ons opkomende geslag op pad na kulturele verarming en middelmatige intellektuele ontwikkeling.

Prof. Johann Meyer is 'n afgetrede dosent in voorligting- en ontwikkelingsielkunde

[Aangepas uit: *Burger*, 14 Augustus 2010]

Kopiereg voorbehou